

## ONS EERSTE TUISTE

Die Eerste Raadsaal in St. Georgesstraat, Bloemfontein, het as die eerste tuiste van die Nasionale Museum gedien en wel vanaf 1877 tot 1915. Hierdie grasdakgebou is ryk aan geskiedenis. Majoor Henry Douglas Warden het dit in 1849 opgerig as skoolgebou. Dit is ook gebruik vir sittings van die Wetgewende Raad van die Oranje-Soewereiniteit (1849-1852); as kerkgebou (1849-1852) en vir Volksraadsittings (1854-1856). J. P. Hoffman (1854) en J. N. Boshof (1855) is in hierdie geboutjie as presidente ingesweer en Andrew Murray (1849) is hier deur sy vader as predikant georden.

Twee vleuels is vir museumdoeleindes in 1885 en 1891 aan weerskante van die grasdakgebou aangebou. Die vleuel aan die regterkant is onlangs gesloop.



## NUWE HISTORIESE AANWINSTE

Die Museum lê hom tans daarop toe om voertuie wat deur diere getrek is, vir latere uitstalling te verkry. Onlangse waardevolle toevoegings tot hierdie versameling is 'n Morrisonmodel-perdekar wat omstreeks 1915 gemaak is en 'n lykswa. Hierdie twee voertuie is albei van Dewetsdorp afkomstig en is onderskeidelik deur mngr. G. de Beer van die plaas Vrystaat, en die Munisipaliteit geskenk. Aanbiedinge van nog sodanige voertuie sal verwelkom word.



Die 94-jarige mev. S. J. Pretorius van Witbank (regs) oorhandig aan mej. Trudie Kestell, Ere-kuratrise vir Historiese Kleredrag, 'n kledingstuk van fugisy, waarop skoenlappers en blomme geborduur is. Dit is deel van 'n skenking handgemaakte kledingstukke deur die skenkster se dogter Susanna Josina Belmont Hertzog (gebore Pretorius).

